




UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

100
1918 · 2018

*saam vorentoe
masiye phambili
forward together*

Die DeLTA*-proses vir leer-, onderrig- en assesseringsontwerp

Riglyne vir noodafstandsonderrig




Onderrig, leer en assessering @ die US:

Daar is geen enkele manier om onderrig, leer en assessering te verstaan of te verduidelik nie; geen gereedskap, resep of toptienwenke nie.

Die DeLTA-siklus bied jou 'n organisasieraamwerk vir leer-, onderrig- en assesseringsontwerp. Dit is gegrond op akademieskap en bestaan uit vyf herhalende, sikliese prosesse om interaktiewe leeraktiwiteite, innoverende onderrigbenaderings en omvattende assesseringsgeleenthede te ontwerp.

Hierdie fase gaan daarvoor om te sorg dat jou onderrigpraktyk gepas is vir die omstandighede. Dit gaan oor jouself as 'n opvoeder en oor hoe jy jou studente, die US-omgewing, die nasionale hoërondewyskonteks, Suid-Afrika en die res van die wêreld verstaan.



Dit is belangrik dat die uitkomstie van jou module weerspieël word in die leergeleenthede wat jy vir studente ontwerp, en in jou assesseringstake. Hierdie drie fases vorm hulle eie siklus, wat ons "konstruktiewe belyning" noem.



KURRIKULUMKONTEKS

BELEIDSOMGEWING

Die [Onderrig- en Leerbeleid](#) bevorder 'n instaatstellende institusionele omgewing waar onderrig en leer van gehalte kan floreer in die hele studentegemeenskap, die akademiese personeelkorps, steundienstafdelings én bestuursliggame. Hierdie rolspelers het elk sekere verantwoordelikhede ([samevattende grafiese voorstelling](#)).

Die [Strategie vir Onderrig en Leer 2017-2021](#) beskryf die US se benadering tot onderrig en leer, en gee terselfdertyd praktiese uitvoering aan die visie en strategiese prioriteite vir onderrig en leer deur middel van graduandi-eienskappe.

DATUMS VIR 2020

Kwartaal 2	20 Apr–5 Jun
A2-tydperk	8–26 Jun
A3-tydperk	27 Jun–11 Jul
Reses	13–24 Jul
Kwartaal 3	27 Jul–11 Sep
Reses	14–18 Sep
Kwartaal 4	21 Sep–30 Okt
A1-tydperk	3–25 Nov
A2-tydperk	26 Nov–12 Des
Gradeplegtighede	14–18 Des

Hierdie fase ondersoek die huidige konteks waarin onderrig en leer moet plaasvind. Die US se benadering tot onderrig en leer, soos dit in die [Onderrig- en Leerbeleid](#) uiteengesit word, is leergesentreerd en tegnologiegesteun, en behoort die grondslag van alle onderrig-, leer- en assesseringsbedrywighede uit te maak.

Die COVID-19-omstandighede vereis noodafstandsonderrig (oftewel “ERT”), wat van aanlyn leer verskil. Soos Hodges en kollegas dit in Maart 2020 in 'n artikel op EDUCAUSE verduidelik het, word aanlyn leer uit die staanspoor beplan en ontwerp om aanlyn te geskied; daarteenoor is ERT 'n “tydelike verskuiwing van onderriglewering na 'n alternatiewe leweringsmetode weens krisisomstandighede”. Die doel van ERT is “nie om 'n nuwe robuuste opvoedkundige ekosisteem te skep nie, maar eerder om tydelike toegang te bied tot onderrig en onderrigsteun op 'n manier wat vinnig is om gereed te kry én gereedlik beskikbaar is in 'n noodgeval of krisis” (Hodges et al., 2020). Nietemin is dit belangrik om daarop te let dat hoewel ERT nie 'n algehele vernuwing van die “opvoedkundige ekosisteem” veronderstel nie, die verandering in leweringsmetode steeds 'n mate van aanpassing verg in hoe ons 'n module konseptualiseer en aanbied. Dit beteken dat sommige uitkomst en assesserings moontlik heroorweeg sal moet word. Ons heelwat uit die onlangse ervaring van ERT geleer het, en het ons dalk selfs insigte en kennis opgedoen wat ons nog lank ná die COVID-19-tydperk in ons onderrig sal kan gebruik. (Klik [hier om meer hieroor te lees](#).)

COVID-19-REËLINGS – SENAATSBSLUIE VIR DIE COVID-19-TYDPERK

1. Meeste voorgraadse (waaronder honneurs-) onderrig en assesserings vir die res van semester 2 sal slegs aanlyn geskied, totdat alle studente na die kampus terugkeer het.
2. Die onderrig van nagraadse kursuswerk sál, en assesserings kán, aanlyn geskied vir die res van semester 2, totdat alle studente na die kampus terugkeer het.
3. Die vereistes vir vordering tot tweedesemestermodules (op grond van eerstesemestermodules) word laat vaar.
4. Alle US-studente wat in 2020 geregistreer was, sal outomaties weer vir die akademiese jaar 2021 toegelaat word, ondanks onvoldoende akademiese prestasie in 2020.
5. Alle studente wat in 2020 'n eerstesemestermodule gedruip het, sal in Januarie 2021 tot eksamen A4 toegelaat word omdat dit feitlik onmoontlik is om te onderskei tussen die verskillende omstandighede wat studente moontlik op die US se aanlyn onderrig-en-assesseringsplatform kon kniehalter.
6. Nuwe materiaal kan dalk slegs in Engels beskikbaar gestel word. Let egter daarop dat die Taalsentrum se vertalers beskikbaar en gereed is om Engelse podsendinge in Afrikaans te vertaal.

VERDERE INLIGTING

[COVID-19-webtuiste \(jongste inligting\)](#)

[Amptelike mededelings](#)

[COVID-19-gewysigde Jaarboek](#)

[Verdere leesstof](#)

[Webtuiste vir studentesteun](#)

[Sentrum vir Onderrig en Leer](#)

[Sentrum vir Leertegnologieë](#)

[Taalsentrum](#)

[Sentrum vir Akademiese Beplanning en](#)

[Gehalteversekering](#)

ADVIES

1. Begin met wat jy het.
2. Oorweeg krediete en veronderstelde ure in die aanlyn omgewing, en maak voorsiening vir daardie studente vir wie dit moontlik langer duur om hulle voete in hierdie ruimte te vind.
3. Sorg dat uitkomst, assesserings en leergeleenthede bely is.
4. Dink aan die [volgende stappe](#) om vir aanlyn onderrig, leer en assessering voor te berei.
5. Kommunikeer met studente en maak seker dat jy 'n [aanlyn teenwoordigheid](#) het, soos deur sinchrone aanlyn sessies, forumplasingen en e-pos.
6. Oorweeg die gebruik van die SUNLearn-templaat wat juis ontwerp is om jou in hierdie proses by te staan:
 - a. [Raadpleeg die bladsye lange oorsig van die templaet.](#)
 - b. [Kyk die video oor hoe om die templaet te gebruik.](#)
 - c. [Kontak jou fakulteit se gemengdeleerkoördineerder \(GLK\)](#) om te versoek dat die templaet by jou module ingevoer word, en om te vra vir hulp om dit te redigeer.
 - d. Stel jy dalk daarin belang om *slegs die teks* in die templaet te gebruik en vir jou eie blad aan te pas? [Klik hier.](#)

WEBINARE EN ANDER HULPBRONNE OOR DIE KURRIKULUMKONTEKS

Sommige webinare het oor kwessies van die kurrikulumkonteks gehandel, soos die webinaar oor kopiereg en aanlyn leermateriaal.

1. [Webinare](#)
2. [Beleid oor Gestremdheidstoegang](#)
3. [Video oor universele ontwerp vir leer \("UDL"\)](#)
4. [Riglyne vir akademiese geletterdhede](#)

'n Vergelyking van verskillende leweringsmetodes wat by die Universiteit Stellenbosch gebruik word:

Tradisionele kontakonderrig, van aangesig tot aangesig ("F2F")	F2F met geïntegreerde digitale praktyke	Hibriediese leer	Ten volle aanlyn leer
Gebruiklike leweringsmetode met minimale gebruik van digitale tegnologie.	Lewering wat hoofsaaklik op kontaksessies berus, maar wat ten volle deur 'n digitale benadering, soos die gebruik van 'n leerbestuurstelsel (LBS), ondersteun word.	Lewering wat vir 'n aantal kontaksessieblokke per jaar voorsiening maak. Die res van die leer en onderrig vind aanlyn plaas, wat 'n kombinasie van sinchrone (intydse) en asinchrone (eiepas-) aktiwiteite insluit.	Die kursus word ten volle aanlyn aangebied, sonder enige F2F-kontakgeleenthede.
ERT			



UITKOMSTE

BELEIDSOMGEWING

[Die US Onderrig- en Leerbeleid \(samevattende grafiese voorstelling\)](#)

[Die US Strategie vir Onderrig en Leer, 2017–2021](#)

DATUMS VIR 2020

Kwartaal 2	20 Apr–5 Jun
A2-tydperk	8–26 Jun
A3-tydperk	27 Jun–11 Jul
Reses	13–24 Jul
Kwartaal 3	27 Jul–11 Sep
Reses	14–18 Sep
Kwartaal 4	21 Sep–30 Okt
A1-tydperk	3–25 Nov
A2-tydperk	26 Nov–12 Des
Gradeplegtighede	14–18 Des

VERDERE INLIGTING

[COVID-19-webtuiste \(jongste inligting\)](#)

[Amptelike mededelings](#)

[COVID-19-gewysigde Jaarboek](#)

[Verdere leesstof](#)

[Webtuiste vir studentesteun](#)

[Sentrum vir Onderrig en Leer](#)

[Sentrum vir Leertegnologieë](#)

[Taalsentrum](#)

[Sentrum vir Akademiese Beplanning en](#)

[Gehalteversekering](#)

Wanneer ons klas gee, behoort ons ’n duidelike idee te hê van wat ons wil hê die studente moet leer. In die besonder behoort ons onderwerp vir onderwerp te kan aandui hoe goed die studente elke onderwerp moet verstaan. Daarom is dit noodsaaklik om ons uitkomst duidelik te verwoord in skriftelike verklarings wat van studente vereis om hulle begrip prakties te demonstreer in plaas daarvan om slegs in formele eksamens daarvoor te skryf. Wanneer ons dus kurrikulumuitkomst ontwerp, moet ons duidelikheid hê oor watter vlakke en tipes kennis ons studente met betrekking tot watter onderwerpe behoort te toon, en watter demonstrasies van begrip ons hierdie inligting sal bied. Met noodafstandsonderrig is sekere uitkomst dalk nie meer haalbaar nie, en moet ons na meer gepaste alternatiewe soek (raadpleeg die adviesafdeling hieronder).

COVID-19-REËLINGS – SENAATSBSLUIE

Fakulteite is versoek om die besonderhede van veranderinge aan assesserings (metodes, prosedures, ens.), akademiese programvlakuitkomst of ander US-fakulteitspesifieke Jaarboekinskrywings te bepaal, en dit via ’n spesiale Akademiese Beplanningskomitee- (ABK-)vergadering aan die Uitvoerende Komitee van die Senaat voor te lê.

ADVIES

Oorweeg jou leeruitkomst aan die hand van die volgende:

1. [Belyn](#) die uitkomst en assesserings- en leergeleenthede met mekaar sowel as met die betrokke vlakbeskrywers.
2. Maak seker dat jy jou leer- en assesseringsgeleenthede met die oog op hoërorde-uitkomst skep.
3. Kan jy steeds al jou uitkomst bereik, of is sekere uitkomst, soos party praktiese vaardighede, nie meer haalbaar nie?
 - a. Dink aan alternatiewe, en of jy dalk sekere aspekte van die uitkomst of take kan behou.
 - b. Is daar geleenthede om nuwe uitkomst in te sluit? Dink aan die US se graduandi-eienskappe in die [Strategie vir Onderrig en Leer](#).

WEBINARE EN ANDER HULPBRONNE OOR LEERUITKOMSTE

Hoewel nie een van die webinarre uitdruklik op uitkomst gekonsentreer het nie, het ’n hele paar oor verbandhoudende onderwerpe gehandel wat dalk nuttig kan wees. So byvoorbeeld het baie van die assesseringswebinare – soos dié oor voorbereiding vir aanlyn seminare, laboratoriums, praktikums en kliniese assesserings, rubrieke, terugvoer, en oopboek- en tuiseksamens – beklemtoon hoe belangrik dit is om uitkomst met assesseringstake te belyn.

1. [Waarom moet ons leeruitkomst formuleer?](#)
2. [Wat is leeruitkomst?](#)
3. [Taksonomieë van leer](#)
4. [Formulering van uitkomst](#)
5. [Konstruktiewe belyning](#)





ASSESSERING VAN STUDENTELEER

BELEIDSOMGEWING

Die dokument [US Assesseringsbeleid en -praktyke](#) bied 'n stel riglyne vir doeltreffende assessering. Dit veronderstel dat die dosent die beste daartoe in staat is om gepaste assesseringsbesluite te neem en die assessering met die voorgename leeruitkomst en -geleenthede te belyn. Dít word “konstruktiewe belyning” genoem. Kyk na [hierdie podsending](#) vir verdere inligting.

Die [US Plagiaatbeleid](#) beoog op sy beurt om te sorg dat daar meganismes bestaan om personeellede en studente in staat te stel om akademiese integriteit te bevorder en plagiaat te beperk. Daarbenewens sit die [Prosedure vir die ondersoek en bestuur van bewerings van plagiaat](#) riglyne uiteen om toe te sien dat gevalle van plagiaat konsekwent en billik hanteer word.

Laastens bied die [Reglement vir interne en eksterne moderering en die afhandeling van uitslae 'n uiteensetting van die beginsels en prosedures vir die interne en eksterne moderering van US-assesserings](#).

DATUMS VIR 2020

Kwartaal 2	20 Apr–5 Jun
A2-tydperk	8–26 Jun
A3-tydperk	27 Jun–11 Jul
Reses	13–24 Jul
Kwartaal 3	27 Jul–11 Sep
Reses	14–18 Sep
Kwartaal 4	21 Sep–30 Okt
A1-tydperk	3–25 Nov
A2-tydperk	26 Nov–12 Des
Gradeplegtighede	14–18 Des

Twee kerndoelwitte van assessering is *formatiewe* assessering en *summatiewe* assessering. *Formatiewe* assessering (of assessering vir leer) maak dikwels deel uit van formele leergeleenthede en is bedoel om studente hulle eie leer te help rig. *Summatiewe* assessering (of assessering van leer) word gebruik om besluite oor studente te neem, soos of studente bevorder moet word of nie. Summatiewe assessering kan studente ook waardevolle formatiewe terugvoer oor hulle leer bied, hoewel dit nie die hoofdoel van hierdie tipe assessering is nie. Ofskoon die COVID-19-tydperk unieke uitdagings vir *summatiewe* assessering inhou, bied dit terselfdertyd unieke geleenthede vir *formatiewe* assessering.

'n Derde doel van assessering is *volhoubare* assessering (of assessering as leer), wat studente toerus om lewenslange leerders te word wat hulle eie prestasie kan beoordeel. Self- en portuurassessering is belangrike instrumente om dít te bereik.

COVID-19-REËLINGS – BESLUIE VAN DIE SENAAT

1. Meeste voorgraadse (waaronder honneurs-) onderrig en assesserings vir die res van semester 2 sal slegs aanlyn geskied, totdat alle studente na die kampus teruggekeer het.
2. Waar beroepspliggame eksamens onder toesig of persoonlike moderering vereis, kan fakulteite hierdie eksamens skeduleer nadat studente na die kampus teruggekeer het, dog voor die aanvang van die akademiese jaar 2021, in oorleg met die Registrateursafdeling.
3. Die klaspunt op die eksamenstelsel word laat vaar.
4. Besluite oor eksterne eksaminering en moderering word aan fakulteite afgewentel.
5. Tutors/onderrigassistente en ander portuurfasiliteerders wat by formatiewe en/of summatiewe assessering betrokke is, moet voldoende opgelei, gemoniteer en ondersteun word.

ADVIES

Oorweeg die volgende wanneer jy jou assessering na die aanlyn omgewing verskuif:

1. Sluit meer geleenthede in vir laerisiko- [formatiewe assessering met terugvoer](#) wat studente se selfvertroue bou.
2. Gaan suinig en versigtig te werk met hoërisiko- summatiewe assesserings.
3. Gebruik meer vryantwoord-, [oopboek-](#), outentieke take waarop geen twee antwoorde dieselfde behoort te wees nie.
4. Indien tradisionele toetse vereis word, oorweeg dit om:
 - a. groot toetsbanke te gebruik wat vir verewekansiging voorsiening maak;
 - b. die beskikbaarstelling van vrae uit te spreid; en
 - c. 'n spertyd te stel.
5. Indien dit moontlik is (d.w.s. indien jy groot genoeg vraagbanke het óf vrae wat oop genoeg is), laat aanlyn assesseringstake langer as die vasgestelde spertyd oopbly.
6. Skeduleer opdragdatums verkieslik vir 'n week voordat die eksamens begin om studente genoeg tyd te gun om vir die eksamen voor te berei.
7. Hou konnektiwiteit in gedagte en ontwerp laedata-assesserings.
8. Raadpleeg die amptelike mededelings oor assessering wat in hierdie tyd uitgereik word, veral dié oor voorbereiding vir onderrig, leer en assessering (O&L&A) gedurende COVID-19.
9. Oorweeg dit om die inpropsageware vir eerlikheid in e-assesserings te gebruik. Jy kan die instruksies [hier aflaai](#).
10. Bied studente 'n deeglike verduideliking van hoe assesserings gestruktureer is (soos hoeveel A2 tot die totale punt bydra, ensovoorts).

VERDERE INLIGTING

[COVID-19-webtuiste \(jongste inligting\)](#)

[Amptelike mededelings](#)

[COVID-19-gewysigde Jaarboek](#)

[Verdere leesstof](#)

[Webtuiste vir studentesteun](#)

[Sentrum vir Onderrig en Leer](#)

[Sentrum vir Leertegnologieë](#)

[Taalentrum](#)

[Sentrum vir Akademiese Beplanning en](#)

[Gehalteversekering](#)

WEBINARE EN ANDER HULPBRONNE OOR AANLYN ASSESSERING

Baie van die webinarre het oor kwessies met betrekking tot studenteassessering gehandel. Dit het ingesluit algemene onderwerpe – soos hoe om vir aanlyn leer voor te berei, betroubaarheid en geldigheid, en beste praktyke vir aanlyn toetse en eksamens – sowel as meer spesifieke assesseringsgeleenthede en -metodes – soos meerkeusevrae (MKV's), groepwerk, formatiewe assessering, berekeninge en die gebruik van rubrieke.

1. [Webinare](#)
2. [Kom aan die gang](#) met aanlyn assessering:
 - a. [Kritiese beoordeling](#) – waar is jy tans?
 - b. Gebruik hierdie [vloeiagram](#) om jouself te oriënteer ten opsigte van waar jy is en watter stappe jy sal moet doen.
3. Begin met wat jy het. Gebruik hierdie [tabel](#) om uiteen te sit wat jy het, en oorweeg dan alternatiewe wat jy in jou afstandsassesseringstrategie kan gebruik (laai 'n kopie van die tabel [hier](#) af).
4. Oorweeg alternatiewe vir wat jy het:
 - a. Raadpleeg die lys [moontlike alternatiewe vir bekende, tradisionele assesseringsmetodes](#).
 - b. Eenvoudige [klaskamerassesseringstegnieke](#)
 - c. [Deursoekbare databasis van metodes](#) wat reeds in dié omgewing as betroubaar bewys is
 - d. [Voorbeeldstrategieë](#)
5. Spesifieke assesseringsverwante onderwerpe:
 - a. [Formatiewe assessering en terugvoer](#)
 - b. [Rubriekontwerp en -gebruik](#)
 - c. [Die gebruik van MKV's](#)
 - d. [Informeel studentet terugvoer met behulp van klaskamerassesseringstegnieke \(KAT's\)](#)
 - e. [Antwoorde op gewilde vrae](#)
6. Aanlyn [taalsteun](#)



ONTWERP VIR LEER

BELEIDSOMGEWING

Onderrig en leer aan die US word gerig deur die:

- [Onderrig- en Leerbeleid](#) (samevattende grafiese voorstelling); en
- [Strategie vir Onderrig en Leer 2017-2021](#).

Sien ook:

- [Beleid oor onderrig- en leermateriaal](#)
- [Strategie vir die gebruik van IKT in leer en onderrig](#)

DATUMS VIR 2020

Kwartaal 2	20 Apr–5 Jun
A2-tydperk	8–26 Jun
A3-tydperk	27 Jun–11 Jul
Reses	13–24 Jul
Kwartaal 3	27 Jul–11 Sep
Reses	14–18 Sep
Kwartaal 4	21 Sep–30 Okt
A1-tydperk	3–25 Nov
A2-tydperk	26 Nov–12 Des
Gradeplegtighede	14–18 Des

Leer is 'n aktiewe, kumulatiewe proses van kennisbou, wat insluit die gesindhede, waardes en vaardighede wat studente graduandi-eienskappe help ontwikkel. Die fasilitering van sinvolle leer impliseer dus die skep van leergeleenthede wat kennisbou sal ondersteun. Kennis strek egter verder as dissiplinêre inhoud. Dit sluit ook die beginsels, konsepte, prosedures en praktyke in op grond waarvan kennis binne en tussen dissiplines gekonstrueer is. Om studente aktief by die leerproses te betrek is 'n belangrike voorvereiste vir kennisbou, en is noodsaaklik vir sinvolle leer. Betrokkenheid kan deur middel van verskeie strategieë bereik word, waaronder aktiewe leer, koöperatiewe leer, samewerkende leer, diensleer, probleemgebaseerde leer, groepwerk of groepprojekte, en navorsingsgebaseerde leer (ondersoek). Die vlak van betrokkenheid wat deur die leergeleenthede geskep word, hou verband met die verklaarde leeruitkomst.

Leergeleenthede kan ontwerp word met die oog op betrokkenheid tussen studente self, tussen die student en dosent, of tussen die student en die leerinhoud, en kan van aangesig tot aangesig of deur middel van tegnologie geskied. Raadpleeg die artikel “Pedagogies of engagement: classroom-based practices” deur Smith en kollegas (2005) vir verdere agtergrond en inligting.

COVID-19-REËLINGS - SENAATSBSLUITE

Meeste voorgraadse onderrig en assesserings vir die res van semester 2 van 2020 sal slegs aanlyn geskied, totdat studente na die kampus teruggekeer het.

ADVIES

1. Dra reëlins en verwagtinge duidelik aan jou studente oor. Gebruik gerus die [templaar](#) wat vir dié doel voorsien is.
2. Konsentreer gedurende noodafstandsonderrig op asinchrone interaksies.
3. Stel jou leergeleenthede sorgvuldig saam en maak seker dat jy (i) kontak tussen studente en akademië aanmoedig, (ii) samewerkende leer aanmoedig, (iii) aktiewe leer aanmoedig, (iv) flink terugvoer bied, (v) klem lê op tydsbesteding aan take, (vi) hoë verwagtinge stel en kommunikeer, en (vii) uiteenlopende talente, maniere van leer sowel as COVID-19-omstandighede erken en daarvoor voorsiening maak.
4. Ontwerp [laedata](#)-leergeleenthede om vir variasies in internetkonnektiwiteit en bandbreedte voorsiening te maak.
5. Maak so ver moontlik gebruik van SUNLearn, want toegang tot hierdie platform is gratis (datavry) via die meeste selfoondataverskaffers.
6. Die volgende kontrolelyste kan ook nuttig wees:
 - a. [Noodsaaklike inligting wat op jou SUNLearn-moduleblad behoort te verskyn](#)
 - b. [Opklaring van jou tutors se \(aanlyn\) rolle en verantwoordelikhede](#)

VERDERE INLIGTING

[COVID-19-webtuiste \(jongste inligting\)](#)

[Amptelike mededelings](#)

[COVID-19-gewysigde Jaarboek](#)

[Verdere leesstof](#)

[Webtuiste vir studentesteun](#)

[Sentrum vir Onderrig en Leer](#)

[Sentrum vir Leertegnologieë](#)

[Taalsentrum](#)

[Sentrum vir Akademiese Beplanning en](#)

[Gehalteversekering](#)

Opleidingswebtuiste vir tutors – Kopieer hierdie

skakel en stuur dit aan jou tutors:

<https://learn.sun.ac.za/course/view.php?id>

[=56711](https://learn.sun.ac.za/course/view.php?id=56711)

Datavrye (gratis) toegang: [Antwoorde op gewilde](#)

[vrae](#)

WEBINARE EN ANDER HULPBRONNE OOR LEERGELEENTHEDE

Baie van die webinarre het die ondersoek ingestel na die skep van aanlyn leergeleentheids gedurende dié tyd. Dit het hetsy gehandel oor hoe ons hierdie leergeleentheids moet bedink en benader, of oor die tegniese aspekte verbode aan dié geleentheids, of albei. Voorbeelde sluit in die skep van aanlyn tutoriale vir eiepasleer, voorbereiding vir aanlyn onderrig, wat met “laedata”-leergeleentheids bedoel word, en maniere om jou SUNLearn-blad by te werk om optimale leer te fasiliteer.

1. [Webinare](#)
2. [Die aanlyn ontwikkeling van my module: Wat behoort ek op SUNLearn te kan doen?](#)
3. [Omvattende lys van alle gereedskap en wenke met betrekking tot die SUNLearn-platform](#)
4. [Waar kry ek ekstra steun?](#)

Volgens Laurillard (2012) behoort ons leeromgewings so gestruktureer te word dat dit ses maniere van leer insluit. Die tabel hieronder lys ’n paar voorstelle in dié verband:

Tipes leer	Verduideliking: Die leerder ...	Tradisionele leeraktiwiteite (van aangesig tot aangesig)	Aanlyn leeraktiwiteite
Verwerwing	... luister na ’n lesing of podsending, lees boeke of webtuistes, en kyk na demonstrasies of video’s	Gewoonlik lesings, klasaanbiedings en dokumente	Lees multimediawebtuistes, luister na podsending, kyk na animasies, video’s
Ondersoek	... verken, vergelyk en lewer kommentaar op die tekste, dokumente en hulpbronne wat in die module gebruik word	Kan veldwerk, besoeke, versamelings van verskillende hulpbronne insluit	Vergelyk digitale tekste, gebruik digitale gereedskap om data te ontleed, gebruik aanlyn advies en leiding, virtuele realiteite
Toepassing	... pas aksies by die taakdoelwit aan en gebruik dan die terugvoer om die volgende aksie te verbeter	Uitgewerkte voorbeelde, simulasies, interaktiewe speletjies, modelantwoorde	Virtuele laboratoriums, simulasies, aanlyn rolspelaktiwiteite
Produksie	... verwoord konseptuele begrip, en hoe dit prakties toegepas is	Skryf ’n opstel, kritiese kommentaar op literatuur, projekverslae	Skep en stoor digitale dokumente, animasies, video’s, blogs, e-portefeuljies
Bespreking	... verwoord idees en vrae, en reageer op ander se idees en vrae	Seminare, kleingroepbesprekings	Aanlyn tutoriale, webkonferensies, sinchrone & asinchrone aanlyn forums
Samewerking	... neem deel aan bespreking, praktiese toepassing en die produksie van ’n uitsat in groepverband	Groepprojekte, groepwerk	Wiki’s, kletskamers om ’n gesamentlike digitale uitsat te bespreek



BELEIDSOMGEWING

Die [Studenteterugvoerbeleid](#) beskryf die US se benadering tot studenteterugvoer. Dit berus op die veronderstelling dat studenteterugvoer allereers ten doel het om individuele dosente in staat te stel om hulle eie onderrig te verbeter.

Raadpleeg ook:

- [Dosenteterugvoervorm](#)
- [Reglement vir die afneem en gebruik van studenteterugvoer oor programme, modules en dosente](#)
- [Reglement vir interne en eksterne moderering en die afhandeling van uitslae](#)

DATUMS VIR 2020

Kwartaal 2	20 Apr–5 Jun
A2-tydperk	8–26 Jun
A3-tydperk	27 Jun–11 Jul
Reses	13–24 Jul
Kwartaal 3	27 Jul–11 Sep
Reses	14–18 Sep
Kwartaal 4	21 Sep–30 Okt
A1-tydperk	3–25 Nov
A2-tydperk	26 Nov–12 Des
Gradeplegtighede	14–18 Des

REFLEKSIE

Die oordenkingsfase bied dosente die geleentheid om te bepaal of die module, en hulle onderrig, die bepaalde oogmerke en uitkomst bereik het. Noudat onderrig na die aanlyn omgewing en weg van die kampus verskuif, is dit belangriker as ooit vantevore om kontak met ons studente te behou en hulle terugvoer te bekom oor hoe hulle met hulle leer vorder. Wanneer ons van aangesig tot aangesig klas gee, is dit gewoonlik moontlik om studente se gesigte en nie-verbale uitdrukkings te vertolk wanneer ons iets verduidelik of vra. In die aanlyn ruimte moet ons egter ander tegnieke gebruik om vas te stel hoe goed studente leer, en hoe goed ons klas gee. Hierdie oordenking kan plaasvind deur data in te samel en/of terugvoer te bekom met behulp van die dosenteterugvoervorm, portuurwaarneming en formele of informele studenteterugvoer deur middel van klaskamerassesseringstegnieke (KAT's). Hierdie inligting kan dan gebruik word om die kurrikulumkonteks vir die volgende rondte onderrig, leer en assessering te rig.

COVID-19-REËLINGS – SENAATSBSLUIE

1. In die lig van COVID-19 en die aanvang van die tweede kwartaal op die aanlyn SUNLearn-platform, moes die [studenteterugvoervraelys](#) aangepas en belynd word.
2. Studenteterugvoer sal voortaan 'n drieledige benadering volg:
 - a. Die hersiene COVID-19- elektroniese studenteterugvoervraelys sal deur die gewone formele struktuur en proses in werking gestel word. Kry die vraelys [hier](#).
 - b. Dosente se vermoë sal met behulp van [klaskamerassesseringstegnieke](#) ontwikkel word – 'n webinar is hieroor aangebied (sien skakel hieronder).
 - c. Fakulteite moet bogenoemde aanvul op maniere waaroor hulle moontlik reeds beskik.
3. Besluite oor eksterne eksaminering en moderering word aan fakulteite afgewentel.

ADVIES

1. Oorweeg dit om [klaskamerassesseringstegnieke](#) te gebruik om informele terugvoer oor studente leer, -gesindhede en -ervarings te bekom wat jou onderrigbenadering kan rig.
2. Laai die [COVID-19-studenteterugvoervorm](#) af om jou oor jou eie onderrig te help nadink met die oog daarop om te verbeter.
3. Dink daaraan om die [dosenteterugvoervorm](#) te gebruik om jou eie oordenkings by die proses in te sluit.
4. Informele studenteterugvoer kan ook deur die klasvertegenwoordigers bekom word.

VERDERE INLIGTING

[COVID-19-webtuiste \(jongste inligting\)](#)

[Amptelike mededelings](#)

[COVID-19-gewysigde Jaarboek](#)

[Verdere leesstof](#)

[Webtuiste vir studentesteun](#)

[Sentrum vir Onderrig en Leer](#)

[Sentrum vir Leertegnologieë](#)

[Taalsentrum](#)

[Sentrum vir Akademiese Beplanning en](#)

[Gehalteversekering](#)

Kontak die Studenteterugvoerkantoor by

stv@sun.ac.za.

Laai die [studenteterugvoervraelys](#) af.

WEBINARE EN BYKOMENDE INLIGTING OOR DIE GEBRUIK VAN TERUGVOER VIR OORDENKING

Van die webinar het die gebruik van terugvoer vir oordenking aangeroei, soos hoe om informele studenteterugvoer met behulp van klaskamerassesseringstegnieke te bekom.

1. [Webinare](#)
2. [Klaskamerassesseringstegnieke met behulp van SUNLearn-gereedskap](#)

VOORBEELDE VAN KLASKAMERASSESSERINGSTEGNIEKE (KAT's)

KAT	Beskrywing	Op SUNLearn
Agtergrondkennis-onderzoek	'n Kort, eenvoudige vraelys om studente se vooropgesette menings te onthul en hulle te help gewoon raak aan die nuwe aanlyn omgewing.	Gebruik meerkeuse- en kortantwoordvrae.
Blitsreferaat	Hierdie tegniek toets of studente kennis opdoen of nie. Die dosent vra studente om 'n kort antwoord te skryf op die vraag: "Wat was die belangrikste ding wat jy gedurende hierdie klas/afdeling geleer het?"	Gebruik 'n vasvra met 'n kortantwoordvraag. Plaas antwoorde op 'n besprekingsbord waar studente dit kan lees en daarop reageer.
Vaagste punt	Dit is een van die eenvoudigste KAT's om te help bepaal waar studente sukkel. Studente word gevra om te identifiseer wat vir hulle die "onduidelikste", "vaagste" of "verwarrendste" was.	Gebruik die gespreksforum.
Wat's die beginsel?	Hierdie tegniek is nuttig in modules wat probleemoplossing vereis. Sodra studente uitgepluis het met watter tipe probleem hulle te doen het, word hulle gevra om te besluit watter beginsel(s) hulle moet toepas om die probleem op te los.	'n Opname met meerantwoordvrae (waarop verskeie moontlike antwoorde gekies kan word) werk gewoonlik die beste.
Eensinsamevatting	Hierdie KAT stel dosente in staat om te bepaal hoe kernagtig dog volledig én kreatief studente 'n groot hoeveelheid inligting oor 'n onderwerp kan saamvat.	Studente kyk na 'n videogreep/lees 'n artikel en beantwoord dan 'n kort vraag, bv. "Beskryf in 'n sin of twee wat die doel is van ...".
Studentgeformuleerde toetsvrae	Studente formuleer toetsvrae wat as deel van formatiewe assessering voor 'n belangrike eksamen gebruik kan word. Dit gun studente tyd om terugvoer te bestudeer en die nodige aanpassings te maak.	Gebruik die forum. Studente formuleer 'n kortantwoordvraag en beantwoord twee ander studente se vrae. Alle kommunikasie geskied op 'n besprekingsbord.

Bronnelys

Kurrikulumkonteks

Hodges, C., Moore, S., Lockee, B., Trust, T., & Bond, A. (2020). The difference between emergency remote teaching and online learning. *Educause Review*, 27.

Refleksie

Angelo, T. A., & Cross, K. P. (2012). *Classroom assessment techniques*. Jossey Bass Wiley.

Skep van leergeleenthede

Cable, J., & Cheung, C. (2017). Eight principles of effective online teaching: A decade-long lessons learned in project management education. *PM World Journal*, 6(7), 1-16.

Laurillard, D. (2012). *Teaching as a design science: Building pedagogical patterns for learning and technology*. London: Routledge

Smith, K. A., Sheppard, S. D., Johnson, D. W., & Johnson, R. T. (2005). Pedagogies of engagement: Classroom-based practices. *Journal of engineering education*, 94(1), 87-101.

Watson, F. F., Bishop, M. C., & Ferdinand-James, D. (2017). Instructional strategies to help online students learn: Feedback from online students. *TechTrends*, 61(5), 420-427.